# NG KERK REEBOK

# SONDAG, 10 MEI 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

***MOEDERSDAG***

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**Eredienste**

**08:00 Informele en 10:00 Tradisionele erediens:**
Richard van Wyk
**Skriflesing**: Lukas 18:1-8, Matteus 6:13b
**Tema:** *"Die dag toe die vlieënier flou geword het"*
**Sinodale Deuroffer:** *Bediening aan die Dowes*

Digitale Uitsending **08:00**
https://youtube.com/live/iBcUsv3q8Ps?feature=share

**09:00**

**Junior en Senior Kategese**

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir *koffie/tee en malvalekkers* tussen die twee eredienste agter in die saal.

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **John Pretorius** (T2), wat vandag sy **82ste** verjaardag vier,
- **Alexander Doevendans** (T2), wat op 12 Mei sy **81ste** verjaardag vier,
- **Adam Boshoff** (F12), wat op 13 Mei sy **87ste** verjaardag vier,
- **Nic Grobler** (R14), wat op 14 Mei sy **88ste** verjaardag vier,

*"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie."*
*Jeremia 29:11*

## PROGAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG, 11 MEI 2026**

**18:00** **Bybelskool.** Almal is welkom. Ons gaan vêrder vanaf Eksodus 29.

**DINSDAG, 12 MEI 2026**

**15:00** **Erediens-werkgroep** in die konsistorie.

**WOENSDAG, 13 MEI 2026**

**18:00** **Gebedsgeleentheid** in die konsistorie. Almal is welkom.

**DONDERDAG, 14 MEI 2026 – Hemelvaart**

**11:00-12:00** **Bloeddruk-kliniek** in die Moederskamer.

**16:30** Kooroefening

**17:45** Musiekgroep

**18:30 Hemelvaartsdiens:** Kobus van Zyl
Skriflesing: Handelinge 1:1-14

## VOLGENDE SONDAG – 17 MEI 2026

**PINKSTERWEEK**

| | |
|---|---|
| **07:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens. |
| **Eredienste** | **08:00 Informele en 10:00 Tradisionele erediens:**<br>Chris de Wet<br>**Skriflesing**: Esegiël 1:1-3; 37:1<br>**Tema:** Neem my, lei my.<br>**Spesiale Deuroffer:** *Bybelverspreiding*<br>Wyksbyeenkomste in die verskillende wyke soos deur u wyksleier gereël. |
| **09:00** | **Junior en Senior Kategese** |

**PINKSTERDIENSTE:**

Die pinksterreeks word vanjaar waargeneem deur Chris de Wet uit die boek Esegiël. Die reeks begin vanoggend en word voortgesit, DV Maandag tot Woensdag, 18-20 Mei 2026 elke aand om 18:30 in die kerkgebou. Die reeks word DV Sondag, 24 Mei 2026 afgesluit

met die pinksterfeesnagmaal tydens beide eredienste. Vanaf Maandag tot Woensdag sal daar weer sop en broodjies teen ’n donasie deur die susters aangebied word.
***Tydens die Pinksterfeesnagmaal is die gebruik om nie-bederfbare produkte na die kerk te bring. Met die bydraes wat u gee kan ons ander mense help.***

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**TERGNIET WYKE T1 TOT T9**

- **Helena Adams** (T5), sterk tuis aan na ’n knie-vervanging.

**REEBOK R1 TOT R5**

- **Engela Basson** (R1), is gehospitaliseer.
- **Ferdi Kieser** (R3), is tuis siek.

**REEBOK WYKE R6 TOT R11**

- **Gert Steenkamp** snr (R6) is tuis na hospitalisasie.
- **Martie Wentzel** (R11), sterk aan na ’n heupvervanging.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**FRAAI-UITSIG WYKE F6 TOT F10**

- **Lydia Gillmer** (F6), is in Life Bay View Hospitaal opgeneem vir toetse.

## ALGEMENE INLIGTING

### DIENSGROEP GEMEENTEBEDIENING
### SKAKEL-EN KOMMUNIKASIEBEDIENING

Ons benodig persone wat by die Kommunikasiebediening betrokke wil raak. Belang-stellendes kan hulle name by die kerkkantoor opgee.

### DIE KINDERWET EN DIE KERK

DV **Sondag, 7 Junie 2026** tussen die twee eredienste word alle belangstellendes uitgenooi om te kom hoor wat die implikasies van die nuwe Kinderwet op die kerk het. Hierdie toeligtingsessie is belangrik vir ouers met kinders van 18 jaar en jonger, wat aan enige kerkaktiwiteite deelneem, en vir volwassenes wat direk met kinders werk.

### VLEISTAFEL: SATERDAG, 25 JULIE 2026

As gevolg van die bek-en-klouseer epidemie kon ons nie gedurende ons kermis ’n vleistafel hê nie en beplan ons nou om saam met die jeugbediening se kermis een te hê.- As daar enige persone is wat die week van die 20ste Julie (Maandag) tot die 24ste Julie (Vrydag) wil kom help vleis werk by Brandwacht gemeente kontak asseblief vir **Richard (082 905 7278).** Enige vleis skenkings is ook welkom.

## HERTOEWYDING EN GEESTELIKE VERNUWING

Soms beleef 'n mens in jou geloofslewe 'n besondere tyd van vernuwing met 'n dieper bewuswording van God se genade en 'n nuwe oorgawe aan Hom. Dit is 'n kosbare werk van die Heilige Gees in 'n mens se lewe. Indien jy so 'n tyd van geestelike vernuwing beleef, nooi ons jou om met Richard in gesprek te tree. Ons wil graag saam met jou bid en onderskei hoe ons as gemeente op 'n gepaste wyse, deur middel van 'n ritueel, erkenning kan gee aan dit wat God in jou lewe doen, alles tot sy eer.

## TV SKERM

Ons is op soek na 'n groot "TV" skerm wat ons voor in die liturgiese ruimte wil installeer as hulpmiddel vir die sangers en predikers. As u dalk iewers so iets het, kontak asb die kerkkantoor.

---

Alle **Gholfspelers!** Merk solank julle kalenders! Ons groot Gholfdag vind op **20 Augustus** plaas. Haal jou gholfstokke uit, polish hulle mooi en vee die stof van julle skoene af! Registreer deur die kerkkantoor te kontak!

---

**REEBOK VROUEBEDIENING BIED AAN:**
**LIZZ MEIRING "THE REAL HOUSEWIFE" OP WOENSDAG 10 JUNIE 2026**
**KAARTJIES IS BY DIE KERKKANTOOR BESKIKBAAR**

---

**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak.

Nie u naam en van nie.

**REEBOK GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE**
**ABSA: TJEK REKENING**
**NG KERK REEBOK**
**404 908 7902**
**TAKKODE 632005**

Snap here to pay
SnapScan

Besoek gerus ons Facebook by "NG Kerk Reebok"

**WEBWERF** – www.ngkreebok.co.za

Gaan besoek gerus ons gemeente se webwerf en volg die *skakels* om Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang. *Kontak die Kerkkantoor vir hulp*